Tema: Die tyd raak min! Roep saam met God die wereld tot geloof! Hy bewaar jou sodat jy midde vervolging, kan getuig!

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Lied 163: 1
Votum
Seën
Loflied Nuwe Sb. 1-10: 1,2,3
Geloofsbelydenis: 12 Artikels.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Eksodus 20
Sing Ps. 65 - 2: 1,2 (kleuters gaan na hulle bediening)
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Ons kyk vanmore na die betekenis van die sewe trompette! Dit is baie belangrik om te verstaan dat die sewe seëls, die sewe trompette en die sewe bakke in dieselfde tydperk van die Godsopenbaring plaasvind nl. in die tyd tussen die hemelvaart en die wederkoms van ons Here Jesus Christus (die “laaste dae”).

Daar word telkens net ‘n ander aspek van God se raadsplan in hierdie tyd geopenbaar! Die seëls, trompette en bakke volg mekaar nie op nie en daar is ook baie ooreenkomste in gebeure.
Wys skyfie van trompette

Skriflesing: Openbaring 8 tot 11
Woordverkondiging
Sing na die Woordverkondiging Nuwe Sb. 14 - 6: 1

Sakramentbediening
Nagmaalsformulier
Sing Ps. 23 - 4: 3
Nagmaalbediening
Sing aan tafel Ps. 116 - 1: 4,5,7
Gebed

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing: Sb 2 - 3: vers 1(almal); vers 2 (srs); vers 3 (brs); vers 4 almal
Seën
Amenlied: Sb 13-1.

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Ons almal wat in God glo, weet wat die een belangrikste opdrag is wat ons Here Jesus voor sy hemelvaart vir ons gegee het. (Vra aan gemeente) Wat is hierdie opdrag?
Ja, ons belangrikste werk hier op aarde is dat ons aan al die mense die boodskap van verlossing in en deur geloof in Jesus Christus moet verkondig, sodat almal wat uitverkies is, gered kan word! Jesus het ons geleer dat die Wederkoms en die finale oordeel nie kan gebeur voordat al die nasies gehoor het dat Hy die enigste ware Verlosser is nie!

Brs en srs, met die sewe trompette vra God vanmore twee vrae. Hy vra ŉ vraag aan ons as sy kerk en ŉ vraag aan die ongelowige en goddelose mense op aarde! Die vraag aan ons is: hoe ernstig neem ons hierdie groot opdrag van ons op en hoe dringend is ons daarmee besig?
Die vraag aan die ongelowige mensdom is: hoekom luister julle nie na die boodskap van redding wat die kerk verkondig nie?

Ja, die tyd raak min! Ons moet saam met God die wêreld tot geloof roep! God bewaar ons as kerk midde sy oordele oor die wêreld sodat ons kan getuig! Dat ons vir die wêreld die boodskap van verlossing deur geloof in Christus, kan bring!

Ja, die tyd is min! Die betekenis van die “trompette” teenoor die “sewe seels” is duidelik: Dit is ‘n sterker, meer duidelik en dringende aankondiging en uitvoering van God se oordele oor die goddelose wêreld! In die Bybel word trompette dikwels gebruik vir die aankondiging van die koms van die koning! Die mense word gewaarsku dat die koning in aantog is en dat hulle gereed moet wees! Maar trompette is ook gebruik wanneer die koning sy leermagte oproep tot oorlog! Met trompetgeskal is die soldate aangevuur om tot die aanval oor te gaan! En dit is die bedoeling van die sewe trompette! ŉ Dringende waarskuwing: die koning kom maar terselfdertyd ook ŉ waarskuwing van die oordeel van die Here oor die sonde! Sy oorlog teen Satan.

Ja, God se aanval - sy oordeel en straf - oor die sonde van die bose en goddelose wêreld! God se optrede word dringender – die trompette blaas – almal moet dit hoor en weet God is oppad en besig om die sondige wêreld te oordeel! Daar is egter ook ‘n intensifisering in die uitwerking van God se oordele wat met die trompette “een derde” van die aarde tref teenoor die “kwart” by die sewe seëls.

Die eerste 4 trompette voltrek God se oordele oor die natuur. Die natuur - die bestaansmiddel van die mens – wat deur die sonde van die mens aan verderf en vernietiging onderworpe geraak het, word gebruik om die goddelose mens te straf! Sy lewensmiddele word weggeneem! Gras en bome, seelewe, waterbronne en die natuurrampe wat deur son, maan en planete aangebring word! Daarmee roep God tot die mensdom!

Die laaste drie trompette word telekens met ‘n uitroep van “Wee, wee, wee” aangekondig! Die woordjie “wee” word gebruik wanneer iets verskrikliks met iemand gaan gebeur! Met die volgende 3 trompette gaan God die goddelose wêreld met iets verskrikliks tref! God gee die bose wêreld oor aan Satan en sy geestelike vernietiging met leuens en sonde wat mense se lewens vernietig! Met die vyfde trompet word Satan en sy skrikwekkende bonatuurlike bose kragte teen die die ongelowige bewoners van

die aarde ingespan! Hy is die “ster” wat uit die hemel val en hom nou rig op die aarde se verwoesting! Satan se bose magte word geteken met die metafoor van sprinkane wat soos perde lyk en met geestelike verwoesting die mense tref! Hulle mag is egter beperk – hierdie bose geestelike magte mag nie die kinders van God tref nie – hulle wat die merk van God op hulle voorkop dra! Hulle kan ook nie die mense doodmaak nie maar geestelik teister!

Met die sesde trompet word God se oordeel nog erger: nou word daar aan bose magte die mag gegee om mense dood te maak! Hierdie magte word met die metafoor van ’n n ontelbare leermag van perde en ruiters voorgestel wat met oorlog en geweld mense doodmaak!

Brs en srs, terwyl dit duidelik is dat God se straf oor die goddelose en bose wêreld reeds nou in hierdie tyd laat gebeur, is dit ook duidelik dat God daarmee ’n dringende oproep tot die bose mense rig om hulle tot God te bekeer! God se bedoeling is duidelik. Dit staan in Open. 9: 20 en 21: Hy wil mense tot bekering en geloof bring!

Deur die verskrikking van die natuurrampe, die geestelike teistering van die leuens van Satan wat mense se lewens verwoes en die geweld van oorlog, stryd en rusie, sê Here – kondig Hy aan met sy trompette: kyk wat is die gevolge van julle sonde en goddeloosheid! Dit is die resultaat van Satan en sy bose magte en elkeen wat hom volg! Kom tot inkeer vlug van Satan en vind julle verlossing in my boodskap van redding deur Jesus Christus!
En tog gebeur dit nie! Dit is God se vraag aan die goddelose wêreld: waarom kom julle nie tot bekering nie!

En daarom is daar ook nou ’n onderbreking in die uitvoering van die trompette se oordele! Dieselfde patroon as by die seëls word ook gevolg deurdat daar ‘n onderbreking tussen die sesde en die sewende trompet is! By die seëls het ons gesien dat die onderbreking daar die fokus laat val het op God se bewaring van die kerk te midde van die oordele!

Die onderbreking by die trompette laat die fokus val op die kerk se taak op aarde! Daardie allerbelangrikste opdrag wat Jesus ons gegee het! Dat ons as gelowiges die Woord van God moet verkondig - te midde van en saam die oordele van God! God roep tot bekering en so ook moet die kerk sondaars tot bekering roep!

Die engel verskyn met ’n oop boekie in sy hand – dit dui op die beskikbaarheid van die Woord van God en die engel roep uit: Daar is nie meer tyd oor nie! Die boodskap van verlossing deur die versoeningswerk van Jesus Christus moet dringend verkondig word! Johannes kry die opdrag om die boekie te eet en daar is ’n tweeledige uitwerking! In sy mond is dit soet – want dit is boodskap van God se liefde en genade: So lief het God die wêreld dat Hy sy Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo gered kan word en nie verlore kan gaan nie! Dit is die heerlike boodskap wat ek en jy moet vertel en uitdra!

Die vraag van die Here is dan: is ek en jy daarmee besig? Die engel roep uit: die tyd is min! Br en sr, Is God se opdrag dat jy ook ’n draer en verkondiger van hierdie boodskap moet wees ook temidde van die chaos van die wêreld – is dit vir jou ’n dringende en belangrike saak in jou lewe? Maak ek en jy êrens daarmee!

Des te meer as ek en jy vandag deur die Nagmaal weer verseker word van ons redding en van die genade van God waarin ons mag deel as sy kinders!

Dit is die boodskap wat Nagmaal ook weer vandag vir ons in sigbaar met tekens van brood en wyn wys! Christus is die Verlosser van die wêreld en wie in Hom glo word gered en bewaar! Dit is waarvan die Here ook vandag vir jou en my verseker!

Meer nog br en sr! Ons word beskerm en bewaar te midde van God se oordele oor die wêreld sodat ons hierdie taak kan uitvoer! Johannes kry koninklike maatband om die simboliese tempet te meet! Die tempel hier as simbool van die ware kerk – van alle gelowiges wat deel in die genade van God en wat in Jesus Christus glo!

Die voorhof – die plek waar ongelowiges ook kon kom – daar word nie gemeet nie! Hulle deel nie in die voorreg van God se beskerming en bewaring nie! Net soos die Nagmaal nie vir ongelowiges en goddelose mense bedoel is nie, maar net vir diegene wat in Jesus glo en in ŉ lewende verhouding met Hom leef!

Ons word beskerm en bewaar? Hoekom? Sodat ons die God se Woord kan uitdra! Ons – ek en jy – die kerk van die Here, is die twee getuies – die twee olyfbome – simbool van die kerk vervul met die Heilige Gees! Ja ons wat in die magtige krag van die Heilige Gees die boodskap van verlossing verkondig! Dit is die soet uitwerking van die boekie in Johannes se mond: die heerlike boodskap van verlossing in en deur geloof in Jesus Christus! Die boodskap wat mense red uit die greep van Satan en hulle laat deel aan die heerlike verlossing in Jesus Christus!

Daarom br en sr: is jy ook met hierdie boodskap besig! Is jou lewe en jou getuienis ook ŉ oop boekie! Waar jy in jou omgewing en tussen jou mense getuienis lewer van God se genade en redding deur Jesus Christus? Dit is die vraag wat die Here vanmore aan ons vra!

Die boekie het ŉ tweede uitwerking: bitter in die maag! Die Here waarsku ons dat ons maar beperkte tyd het voor dat die Antichris sal verskyn en die stem van die kerk sal stilmaak! Daarom die verskriklike gesig van die die twee getuies se lyke wat op die straat lê. ŉ Metafoor van die kerk wat uiterlik tot niet sal gaan! Die kerk se geleentheid om te getuig gaan verby – dit sal deur vervolging van die bose stilgemaak word!

Maar genadiglik, is dit dan die tyd vir die laaste trompet! Die sewende trompet wat ons oë wegtrek van die verskrikking van die laaste tyd na die hemel waar God steeds op sy troon sit en deur Jesus Christus regeer! Die aankondiging van die heerlike koms van Jesus Christus na die aarde vir die laaste oordeel! Dit bring die uitkoms vir die kerk en die oorwinning vir al die gelowiges! Die trompet eindig met die tempel wat oopgaan en die verbondsark wat sigbaar word – God self is oppad!

Dit is waarna ons vandag ook kan uitsien – die Here is oppad om ons aan die oorwining te laat deel! Daarvan verseker die brood en wyn ons ook weer vanmore! Maar tot dan moet ons saam met God die wêreld tot geloof roep! Ons moet ons taak as getuies van God daadwerklik uitvoer te midde van die chaos van die oordele van God! Hy roep met oordele en ons roep met sy Woord!

Moenie bang wees nie, moenie terugdeins nie – Jy is gemeet – jy is deel van God se tempel – Hy bewaar ons tot die einde toe!

Amen